# CENTURION ROLBALKLUB

# SOSIALE MEDIA BELEID

(Ver 1.3 dd 14 Apr 2023)

## 1. Beleid Stelling

1.1 Die beleid het ten doel om lede van Centurion Rolbalklub te help om die korrekte besluite te neem met die gebruik van die klub se sosiale media platforms.

1.2 Die beleid sal die standaard stel wat lede moet nakom met die gebruik van sosiale media en die omstandighede wanneer bestuur/administrateur die gebruik van sosiale media sal monitor en die aksies wat geneem sal word indien die beleid nie nagekom word nie.

## 2. Op wie is die beleid van toepassing

2.1 Hierdie beleid is van toepassing op al die lede van Centurion Rolbalklub.

## 3. Bestek van die beleid

3.1 Dit word van alle lede verwag om die bepalings van hierdie beleid na te kom.

3.2 Nienakoming van hierdie beleid sal deur middel van die Klub se Grondwet bestuur word, ernstige gevalle kan lei tot lidmaatskap beëindiging.

## 4. Gebruik van sosiale media platforms

4.1 Net personeel wat in skrif daartoe gemagtig is, mag, in die naam van Centurion Rolbalklub, elektroniese materiaal op die sosiale media platforms plaas. Enige oortreding van hierdie reël sal geag word as erge wangedrag.

## 5. Algemene reëls vir die gebruik van die klub se WhatsApp groep

5.1 Skryf in die eerste persoon, identifiseer wie u is.

5.2 Alhoewel dit nie 'n omvattende lys is nie, is die volgende enkele voorbeelde van wat verbode is op die klub se WhatsApp groep: kommentaar wat lasterlik, pornografies,

diskriminerend is (op grond van ras, ouderdom, geslag, ens.), politieke kommentaar of kommentaar wat 'n vyandige klub situasie kan skep of wat die klub in `n slegte lig stel.

5.3 Enige lid van die groep wat voel dat hulle geteister is, of aanstoot neem met materiaal wat deur 'n medelid geplaas is, moet Bestuur/Admin onmiddellik in kennis stel.

6. **Addisionele riglyne**

6.1 Moenie 'n skakel na ketting pos, rommel pos, spotprente, grappies of skinder plaas, oplaai, stuur of pos nie.

6.2 Wees eerlik en wees bewus van die impak wat jou bydrae op mense se persepsies van Centurion Rolbalklub kan hê. As u 'n fout in u kommunikasie maak, moet u dit dadelik erken en regstel.

6.3 U is persoonlik verantwoordelik en aanspreeklik vir inhoud wat u op die klub se sosiale media platforms plaas. Wees daarvan bewus dat dit wat u publiseer vir baie jare openbaar sal wees.

6.4 Moenie warm besprekings eskaleer nie, probeer versoenend wees, respekteer en haal feite aan om die gemoedere te kalmeer en `n wanvoorstelling te korrigeer. Moet nooit bydra tot 'n bespreking as jy kwaad of ontsteld is nie, kom later terug wanneer jy kalm en rasioneel kan bydra.

6.5 As jy selfs effens ongemaklik voel oor iets wat jy wil publiseer, moet jy dit nie doen nie.

6.6 Vermy die publisering van ander mense se kontakbesonderhede

6.7 Geen foto's van kinders mag op enige sosiale media platform van die klub geplaas word sonder die skriftelike toestemming van die betrokke kinders se ouers nie.

6.8 In die besonder sal die oplaai, plasing of deurstuur van 'n skakel na enige van die volgende soorte materiaal op die klub se sosiale media webwerf en WhatsApp groep, wangedrag wees (hierdie lys is nie omvattend nie):

6.8.1 Pornografiese materiaal (dit is, skryf, prente, films en video grepe van 'n seksueel eksplisiete of opwindende aard).

6.8.2 `n Vals en lasterlike verklaring oor enige ander lid van die klub.

6.8.3 Materiaal wat aanstootlik, obseen, krimineel diskriminerend, afwykende of verleentheid vir die Klub of lede sal wees.

6.8.4 Vertroulike inligting oor ander lede van die klub.

6.8.5 Enige ander stelling wat waarskynlik enige aanspreeklikheid sal skep (hetsy krimineel of siviel) vir jou of die Klub.

## 7. **Bestuur Beheer**

7.1 Bestuur behou die reg voor om enige kommunikasie wat op die verskillende sosiale media platforms van die Klub geplaas is, sonder die toestemming van die individu wat dit geplaas het, te verwyder.